Lees saam: Handelinge 2:1-13

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

- Bid dat die erediens oor hierdie onderwerp groot verandering en seën in mense se lewens sal bring.
- Bid dat mense se lewens so deur die Heilige Gees beheer sal word dat hulle van God se woorde en liefde sal oorloop.
- Bid dat mense se woorde nie swaarde wat wond maar brood wat voed sal wees.
- Bid dat die Gees ons so sal vul dat ons fonteine van lewende water sal wees.

Afrikaans ons erfenis

Vier fees in Afrikaans

Die Taal van jou hart

8 September 2024

Ds. Dirkie van der Spuy
dvdspuy@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Ons vier volgende jaar die 100 jarige bestaan van Afrikaans en daarom wil ons fokus op ons moedertaal wat ook die voertaal van ons gemeente is.

Daar is 'n paar plekke waar die Bybel praat oor taal en ons wil na hierdie Skrifgedeeltes kyk om God se hart en Sy plan beter te verstaan.

Jesus het ons geleer hoe belangrik ons woorde is, want ons woorde wys wat in ons hart is. Ons moet seker maak dat ons harte skoon en vol van die Heilige Gees is sodat ons woorde sal opbou en nie afbreek nie.

Gesels saam

1. Gee vir elkeen wat die Geesvervuld kursus bygewoon het kans om te vertel wat dit vir hulle persoonlik beteken het.
2. Wat leer **Genesis 11:4-8** vir ons van God en ook van die mens in die tyd toe die toring van Babel gebou is?
3. Met die uitstorting van die Heilige Gees vind 'n wonder plaas as almal die evangelie verstaanbaar in hulle eie moedertaal hoor. Wat leer **Handelinge 2:1-13** vir ons oor God se hart?
4. Waarom is die **vertaling** van die Nederlandse Statebybel in Afrikaans in 1933 so 'n belangrike gebeurtenis?
5. Paulus verduidelik dat as die Heilige Gees ons lewe beheer begin die gawes in ons funksioneer. Hy vergelyk twee gawes wat met ons woorde saamhang naamlik onverstaanbare, ongewone tale en verstaanbare profetiese tale. Lees **1 Korintiërs 14:1-5** en sê dan wat is die verskil en wat beteken hierdie twee gawes vir jou persoonlike lewe?
6. Wat leer **Openbaring 5:9 en 7:9** vir ons oor onsself en oor ander mense en tale?
7. Wat leer **Matteus 12:34-37 en Johannes 7:37-39** vir ons persoonlik oor ons woorde?